Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2024-08-05

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 14/2024

Rugby en netbal: Ons verwelkom Woensdag 7 Augustus, Laerskool Jeffreysbaai by ons skool vir ons jaarlikse wedstryde. Weens al die spanne wat speel begin die eerste rugbywedstryde reeds om 12:00 en die eerste netbalwedstryde om 12:30. *Aangesien die personeel ook dan sportverpligtinge het sal alle leerders om 12:00 verdaag.*

Vrouedag – Vrydag, 9 Augustus: Weens die publieke vakansiedag Vrydag, sal daar Donderdag 8 Augustus geen buitemuurse aktiwiteite by die skool aangebied word nie.

Piet Uysstraat: Baie dankie vir u samewerking t.o.v. die verkeer regulering in Piet Uysstraat. Ons vertrou dat die *Groet en gaan-sone* (07:00-07:30) die verkeersvloei verbeter het. Onthou asb. dat u nie in enige van die bane of op die voetoorgang mag stilhou nie. U mag ook nie in enige van die bane parkeer en uitklim nie. Maak asb. van die alternatiewe parkering gebruik.